Hugo Rant 16/2012: 18 Mei

2012: Suksesvolle Opedag!

Uit die kantoor

Ons is baie bly dat daar met die verhoog se vloer in die saal begin kon word. 'n **Ideaal** is stadig maar seker besig om te realiseer, danksy ongelooflike toewyding en bydraes.

Gesels 'n slag met u kind oor sy/haar selfoongebruik. Ouers moet bewus wees waarmee ons kinders besig is. Ek was geskok oor die taalgebruik wat van ons leerders gebruik in boodskappe wat hulle stuur. Sulke taalgebruik pas beslis nie by Hugo Rust-leerders nie.

Van tyd tot tyd kry ons klagtes van leerders wat ander boelie. Dit is nie net onaanvaarbaar by 'n ordentlike skool nie, maar dit kan ook daartoe lei dat siviele aanklagte volg.

Toon gereeld 'n belangstelling in u kind se skoolwerk deur weekliks daarna te kyk. Moedig hul gereeld aan om onduidelikhede met hul opvoeders op te neem.

In baie kerke is daar tans 'n reeks dienste aan die gang. Vir u wat daarby betrokke is, word seën en genade toegebid.

Gereelde kommunikasie met mekaar kan baie sake onmiddellik aanspreek. U word steeds aangemoedig om onmiddellik aksie te neem. Die skool sal dit so goed as moontlik hanteer.

Moedig steeds u vriende aan om deur positiewe bemarking ons skool te promoveer.

Baie hartlike groete.

Piet Krynauw

DINGENDE GF-OUERVERGADERING

Wanneer:	Maandag, 28 Mei 2012
Waar:	Skoolsaal
Tyd:	19:00 – 20:00

ALLE grondslagfase-ouers word vriendelik **VERSOEK** om hierdie **BELANGRIKE** vergadering, rakende u en u kind/-ers by te woon. Teken asseblief vroegtydig in u dagboeke, tuis en by die werk, aan.

Vriendelike grondslagfase-groete.

Mev. Helena Krynauw
Departementshoof

Mnr. Piet Krynauw
Waarnemende Skoolhoof

Akademie

Leerders van die Week

Gr. 1	André Malan	-	'n Goeie werker
Gr. 1	Jean-Lee Matthee	-	Goeie samewerking
Gr. 1	Lorraine Serdyn	-	'n Flinkdinker
Gr. 1	Sarieta v/d Watt	-	Goeie akademiese werker
Gr. 1	Maja Thorp	-	Netjiese werk
Gr. 1	Wade Williams	-	Goeie vordering
Gr. 2	Kea Anderson	-	Voorbeeldige dogter
Gr. 2	Lydia Allen	-	Liefdevolle dogter
Gr. 2	Josua Kilian	-	Goeie werk
Gr. 2	Christoff Nortje	-	Volharding
Gr. 2	Hanke Smit	-	'n Vriendelike dogter
Gr. 2	Philip Loubser	-	'n Pligsgetroue werker
Gr. 3	Annelise Cronjé	-	Goeie samewerking
Gr. 3	Gian-Carlo Booysen	-	'n Netjiese werker
Gr. 3	Josh Jacobs	-	'n Gelukkige Hugo Ruster
Gr. 3	Thinus Loubser	-	'n Hardwerkende seun
Gr. 3	Doné Truter	-	Goeie vordering in Wiskunde
Gr. 3	Maggie-Louise Bauermeister	-	'n Wiskunde-brein
Gr. 4	Suné Truter	-	'n Spogdogter
Gr. 4	Marco Steenkamp	-	Puik samewerking
Gr. 4	Catherine Scott	-	Positiewe samewerking
Gr. 4	Carl-Heinz Hesse	-	'n Liefdevolle seun
Gr. 4	Ethan Goodman	-	'n Gelukkige Hugo Ruster
Gr. 4	Michaela Kluyts	-	'n Vriendelike dogter
Gr. 5	Wian Moggee	-	'n Netjiese werker
Gr. 5	Anzel de Klerk	-	'n Voorbeeldige Hugo Ruster
Gr. 5	André Visagé	-	'n Wiskunde-slimkop
Gr. 6	Richard Cronjé	-	Hulpvaardigheid
Gr. 6	Bernard Steenkamp	-	'n Pligsgetroue leerder
Gr. 6	Hanri van Tonder	-	'n Pligsgetroue en hardwerkende dogter
Gr. 6	SW Malan	-	Boland: Biathle
Gr. 6	Kristie Truter	-	Boland: Netbal
Gr. 6	Kayla Buxmann	-	Boland: Netbal
Gr. 7	Emily Kennard	-	Voorbeeldige gedrag en werk
Gr. 7	Neil Büchner	-	'n Pligsgetroue seun
Gr. 7	Francois Viljoen	-	Staatmakerwerk
Gr. 7	Haley Williams	-	Boland: Netbal
Gr. 7	Carlien Prins	-	Boland: Netbal

Klasnetheidstrofeë

1 <u>Grondslagfase</u>:

Gr. 2.1 Mev. Liezl Stassen

2 <u>Intermediêre/Senior Fase</u>:

Gr. 7.2 Mnr. Bertie Schreuder

Waardes

Ons twee-weeklikse waarde:

RESPEK

'n Hugo Ruster is 'n ***Respekvolle* persoon:**

* **Erken individuele verskille**
* **Luister met aandag**
* **Het agting vir ander**
* **Los konflik sonder geweld op**
* **Het goeie maniere**
* **Respekteer ander se regte**

Respek is 'n vorm van bewondering, waardering en erkenning van iets of iemand besonders, of wat verwerf word deur prestasie, senioriteit of basiese beskawingswaardes.

'n Gebrek aan respek vir reëls, eiendom of vir mense lei gewoonlik daartoe dat 'n persoon nie inpas in 'n gemeenskap nie. In die geval van 'n skool, kan dit daartoe lei dat iemand gevra word, of selfs aangesê word, om die skool tydelik of selfs permanent te verlaat.

Uittreksel H/S Stellenbosch

Algemeen

Belangrike inligting t.o.v medikasie

Weens streng wetgewing sal daar in die toekoms GEEN medikasie van die skool se kant aan enige leerder toegedien word nie. Indien leerders noodmedikasie, bv. antibiotika, rittalin, ens. moet kry, moet ouers onderstaande prosedure volg, anders kan die medikasie nie toegedien word nie:

* 'n Skriftelike toestemmingsbrief waarin die wettige ouers die skool volmag verleen om aan u kind die gemelde medikasie vir die spesifieke tydperk toe te dien
* Medikasie moet saam skool toe gestuur word
* Kind se naam, van en graad moet op die skrywe, sowel as op die spesifieke medikasie aangebring word
* Die presiese hoeveelheid wat toegedien moet word, moet aangeteken word
* Die spesifieke tye wat toedienings moet geskied, moet aangeteken word
* Die skrywe moet duidelik gedateer en onderteken wees, asook die naam van ouer in drukskrif onderaan
* 'n Kontaknommer van ouer wat versoek rig, moet ook aangeteken word

LET WEL:

* Alle medikasie wat skool toe gestuur word moet ook duidelik met bostaande inligting gemerk wees
* Dit bly die ouers of kind se verantwoordelikheid om die medikasie by die skool af te haal

Baie, baie dankie aan:

* Mnre. Gerhard Odendal en Bennie Smit vir die twee geskenkbewyse t.o.v. rekenaar-herstelwerk.
* Almal wat betrokke by die Moedersdagmark was. Dit was 'n reuse sukses. Dankie vir almal se ondersteuning, ons glo die mammas se harte was Sondag baie bly.

  'n Spesiale dankie aan die mammas van die leerderraad wat so hard gewerk en soveel moeite gedoen het. Dankie ook aan die gr. 7-ouers vir hul bydraes, geskenke en hulp. Die Moedersdagmark is hier om te bly.

Sport

Rugby en Netbal

Rugby

Ons A-spanne het Saterdag, 12 Mei, pragtig tydens Drakenstein se sportdag presteer.

RUGBY				
0/7	0/8	0/9	0/11	0/13
Bellville-Noord 35 - 0 Courtrai 5 - 0	Goudini 15 - 5 Bellville-Noord 40 - 0	Courtrai 0 - 0 S v/d Stel 15 - 0	Courtrai 0 - 0 S v/d Stel 8 - 0	S v/d Stel 17 - 0 Courtrai 0 - 0

Netbal

NETBAL				
0/9	0/10	0/11	0/12	0/13
Courtrai 1 - 7 Goudini 1 - 7	Topolino 15 - 0 Courtrai 7 - 3 Goudini 10 - 5	Topolino 8 - 3 Courtrai 0 - 10 Goudini 8 - 2	Courtrai 8 - 7 Topolino 11 - 3 WA Joubert 12 - 4 Drakenstein 11 - 6	Courtrai 4 - 7 Goudini 13 - 6

Dinsdag, 15 Mei, het al ons spanne teen Stellenbosch Laer gespeel.
Die uitslae as as volg:

NETBAL					
0/9A 1 - 13	0/9B 1 - 14	0/9C 0 - 7	0/10A 8 - 9	0/10B 0 - 10	0/11A 1 - 9
0/11B 1 - 8	0/11C 4 - 1	0/11D 2 - 4	0/12A 6 - 5	0/12B 5 - 12	0/12C 11 - 2
0/12D 16 - 2	0/13A 10 - 11	0/13B 4 - 18	0/13C 2 - 12	0/13D 3 - 7	

RUGBY				
0/7A 30 - 20	0/7B 35 - 25	0/7C 20 - 10	0/8A 40 - 5	0/8B 5 - 10
0/9A 40 - 0	0/9B 25 - 10	0/11A 5 - 17	0/11B 0 - 48	0/11C 29 - 0
0/13A 19 - 12	0/13B 0 - 32	0/13C 0 - 35		

Rugby

Baie geluk aan die volgende spelers wat in die 0/12-Wellington Sonespan opgeneem is: George-Louis Beukes, Louis-Dirk Human, Matthew Anderson, Heinie v/d Spuy, Franco Hendricks en Duffie Kellerman. Sterkte vir die volgende reeks proewe.

Netbal

Ons spog met nie minder as vier Bolandspelers nie. Baie geluk aan die volgende dogters:
0/12: Kayla Buxman & Kristie Truter
0/13: Hayley Williams & Carlien Prins.

Hulle gaan volgende week aan die Wes-Kaapproewe deelneem. Sterkte.

Hokkie

Ons dogters het verlede week hul eerste wedstryd gespeel. Baie geluk met die volgende uitslae:

0/13A vs. William Lloyd 0 - 1	0/13A vs. Amstelhof 1 - 0	0/13B vs. William Lloyd 0 - 1	0/11 vs. Dalweide 2 – 2	0/10 vs. William Lloyd 10 - 0

Ongelukkig kon hierdie week se wedstryde vir die dogters teen Stellenbosch Laer nie plaasvind nie. Hulle het die wedstryde a.g.v. ‘n botsing met ‘n kooroptrede gekanselleer.

Gimnastiek

Tydens ‘n “Medal Mania”-kompetisie wat in die Paarl plaasgevind het, verower ons gimnaste die volgende medaljes: Steyn Kotze, Lijané Botha en Nikola Müller – Goud
Erin Cuff - Silwer

Biathle

SW Malan is ook verlede naweek sy Bolandkleure verwerf in Biathle. Hy is ook gekies om in die span wat aan die Suid Afrikaanse Kampioenskappe in Bloemfontein, gedurende die Junievakansie, te gaan deelneem. Baie geluk en baie sterkte ook aan hom.

Sportprogram vir die week

Woensdag, 23 Mei, speel ons tuis hokkie teen Nieuwe Drift en Nederburg.
Donderdag, 24 Mei, speel ons rugby en netbal teen Hillcrest (weg).
Vrydag, 25 Mei, vind die eerste landloopkompetisie van die seisoen plaas by CPUT en ons speel ook skaak teen Hillcrest (weg).

Gedagtes vir die week

Hemelvaart: Die laaste opdrag

Matt 28:18-20:

..."Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

ATKV

Aangebied deur
ATKV Wellington
Gesinstak

Goudini SPA
Bring & Braai

Plek: Goudini Spa Vakansie-oord.
Datum: 19 Mei 2012
Tyd: 09:00 tot 23:00
Kostes: Volwassenes R20-00
Kinders R10-00 (Normale Prys R45-00 p.p)

Stoele en Braaidromme word verskaf. Bring eie hout, rooster, vleis, slaaie en drinkgoed. Daar is 'n kafee en restaurant op die perseel. Die swembaddens, waterwum, springmatte, tennis, wipmatte en minigholf is gratis. Kom Geniet die dag saam met ons by Goudini Spa! Nie ATKV-lede ook welkom. Bespreek (RSVP): Herbert Sills +27 (0)82 374 3146 herbert@atwealth.co.za

Ek is 'n 2de jaar Onderwys-student met 4 jaar se ondervinding wat graag leerders wil help met huiswerk, studie voor toetse of enige take. Kontak gerus vir meer inligting.
Kontak nommer: 079 0939 510
Sonika le Roux

Dr IRENE STRYDOM
SIELKUNDIGE / PSYCHOLOGIST

Sielkundige assesserings
Psigoterapie
Traumaterapie

BURGSTRAAT 66B Tel: 082 956 4080
WELLINGTON FX: 0866 89 2991
www.irenestrydom.co.za
www.ship.org.zae-mail: irenes@mweb.co.za

Please leave a message if I am in consultation.
Laat asseblief 'n boodskap indien ek met 'n kliënt besig is.

HR-CLASSIC

Belangrik **Gasvrouens**

ALLE kaartjiegelde **<u>moet voor/op Woensdag, 30 Mei 2012</u>**, inbetaal wees.

Baie dankie dat ons op julle kan staatmaak.

Groete.

HR-Classic: Komitee